WAPADRANT
GEMEENTE

# Maand-Krant

# NOVEMBER 2016

**Hierdie Maand-Krant asook vorige Maand-Krante is beskikbaar op die webblad by http://www.wapadrant.co.za/maand-krant**

## Laat jou kinders uit hul foute leer

Uit E-kerk Elektroniese Nuusbrief – 10 Oktober 2016 (deur Helena Smith)

Deesdae hoor 'n mens baie van die term, "helikopter-ouers." Dit is ouers wat op 'n ekstreme wyse betrokke is by hulle kind en eintlik elke aspek van die kind se lewe wil hanteer. Helikopter-ouers se kinders is soos spoggerige meubelstukke wat blink gepoleer is, net reg vir uitstalling. Sulke ouers wil graag namens hulle kinders besluite neem om te verhoed dat hulle kinders hul koppe stamp. Of hierdie ouers wil nadat 'n fout begaan is, die gevolge van die fout vir hulle kinders dra.

Ons as ouers moet besef dat ons kinders in die eerste plek God se kinders is.  Dit is 'n voorreg wat God aan ons gee om kinders groot te maak. Jou voorbeeld en jou optrede moet jou kind na die Here lei. Billy Graham sê die volgende: “God gave our children to us - but we sometimes forget why He did so. The reason is simple. He entrusted them to us so we could train them and prepare them to be an adult, to be out on their own someday”.

Myns insiens is die grootste guns wat jy aan jou kind kan doen, om hom te leer hoe om die storms van die lewe te hanteer, hoe om sy eie sambreel oop te maak as hy die eerste druppels van die storm sien val. Dit is 'n feit dat geen kind volmaak is nie en dat hy/sy beslis foute sal begaan en verkeerde keuses sal maak. Dis daardie tyd wat jy as ouer in jou hande wil huil, want jy wil nie hê dat jou kind sy kop stamp nie. Dit is baie belangrik dat ouers besef dat 'n kind leer deur foute te maak. Ouers moet nooit die gevolge van die foute dra nie. Die kind moet besef dat sekere keuses sekere gevolge het en self die gevolge van sy foute dra. 'n Bekende sielkundige, John Rosemond, het die volgende waar woorde gesê: “Good parenting is doing the right thing when a child does the wrong thing”.

Dit beteken nie jy moet onsimpatiek wees en vir jou kind sê, “Ek het jou mos gesê”, nie. Wees onvoorwaardelik lief vir jou kind in 'n tyd van mislukkings. Luister, gee raad en help jou kind om uit sy foute te leer. So leer jy as ouer jou kinders dat foute 'n positiewe leerproses kan wees. Op dié manier kan daar ook 'n verdieping in die verhouding tussen jou en jou kind wees.

.

# BURUNDI MISSION NPO - Leaders sharpen their skills

What do Veritas African leaders do when they spend 5 days together? For most of their meeting time, they do in depth Bible interpretation and apply the message to their own lives, ministries and contexts in which they minister.

**Top row: Ruben Safari (Burundi:** Ivan Gahiire (Uganda), Lackson Anthony (Mozambique), Anton van Schalkwyk (SSA), Victor Kaimfa (Malawi), David de Wet (SSA), Kennedy Gondwe (Malawi), Godfrey Ntale (Uganda), Wycliffe Mbuya (DRC), Ivan Skinner (SSA Director)
**Middle row:** Davidson Chifungo (Malawi), Martin Etter (Malawi), Gert Lubbe (Namibia), Riaan Terblanche (Mozambique), Saretha Terblanche (Mozambique), Felia Kamtokoma (Malawi), Jeanette Lubbe (Namibia), Jane Bwalya (Zambia), Julia Etter (Malawi)
**Front row:** Frederick Bwalya (Zambia), Nkhata Benson (Zambia), Jean Nzika (DRC)

Veritas leaders from 8 different countries in sub-Saharan Africa (SSA) recently met in Zambia to evaluate the training in their countries and to plan for the future. The training is mainly run by more than 500 volunteers equipping approximately 7000 leaders in 13 countries in the region. The role of the staff is to train these volunteer facilitators and support them as they train others in their own and neighbouring churches. In this way the training follows a model of multiplication.

When the leaders worked through the book of 1 Timothy, they sharpened each other's skills as part of the Veritas process of continual staff development. This in turn will help them improve the skills of the volunteer facilitators.

## A precious ministry

Spending time in the Word once again made it clear that God has given Veritas College a precious ministry to serve and equip the local church for its calling in the world. This ministry makes the interpretation of Scripture accessible to believers from all walks of life, with different education levels and from different cultures. It is run in various settings – from the buildings of mega churches to dry river beds in remote areas of the African continent. Veritas helps participants to live out their calling and make a difference in their families and communities. But in all of this the leaders realised that it is not about Veritas College, as 1 Cor 3:7 reminds us – "So neither the one who plants nor the one who waters is anything, but only God, who makes things grow."

## July report of Veritas

**1. Activies report from April to June.**

**The month of April**: - Activities report and financial report were prepared and sent.
-Activities plan for the whole year (from May 2016 to June 2017) was written and sent.
-Consultation meeting of Veritas in Zambia (from 22nd to 29th April 2016).

**The month of May**: - Invitation to visit South Africa and the preparation of the trip.
- Visit to South Africa from 12th May to 1st of June:

a. I attended many meetings organized by Wapadrant Church.
b. I visited various churches during my stay in Pretoria and in Potchefstroom.
c. I made some individual contacts with people.

**The month of June**: - The struggle of collecting training books from the port of Bujumbura.
- Mobilisation for teaching and books distribution in Bujumbura.
- Mobilisation for teaching and books distribution at Magara at 50kms from Bujumbura.
- Mobilisation for teaching and books distribution in Gitega at 100kms from Bujumbura.
- Module 2 training for trainers in Bubanza from 20th to 22nd of June.

**The new start of Module 1:** In Gitega:

1. Niyonizigiye Liberate : 25/06/2016 with 5 participants.
2. Sindaharaye Nestor : 25/06/2016 with 3 participants.

### In Bujumbura:

1. Mbonihankuye Ezechiel: 21/06/2016 with 6 participants.
2. Nahimana Evode: 21/06/2016 with 3 participants.
3. Hakizimana Jacques: 21/06/2016 with 4 participants.
4. Barampiga Pascal: 21/06/2016 with 3 participants.
5. Irambona Etienne: 21/06/2016 with 4 participants.
6. Ndimumuryango Severin: 21/06/2016 with 4 participants.
7. Nsengiyumva Isaac: 21/06/2016 with 2 participants.
8. Ntacorigira Beatrice: 21/06/2016 with 2 participants.
9. Nkunzimana Francine: 10/06/2016 with 2 participants.

**The new start of Module 2: In Gatumba**

1. Ngendangenzwa Aaron: 14/06/2016 with 10 participants.

### In Bujumbura:

1. Mbonihankuye Ezechiel: 22/06/2016 with 13 participants.
2. Ndikumana Pascal:28/06/2016 with 10 participants.

**The new starts of Module 4: In Gatumba:**

1. Safari Ruben: 28/06/2016 with 5 participants.

### In Bujumbura:

1. Safari Ruben: 30/06/2016 (two days per week are used for the training) with 15 participants.

NB: - No new starts of Module 3 because books of that module were not sent to us.

- The four following trainers are busy with their Module 1 training:

1. Ndikumana Pascal (Bujumbura) with 10 participants
2. Hakizimana Claude Lambert (Kayanza) with 2 participants
3. Niragira Jean Claude (Bujumbura) with 4 participants
4. Ntamatungiro Aaron (Bubanza) with 2 participants

-The following one is busy with Module 2 training: Havyarimana Serges (Muyinga) with 2 participants

## 2. The financial report

**April:** Rent: 100.000fbu
**May**: Rent: 100.000fbu

**June**: - Books collected from the port: 138.000fbu
- Communication: 32.000fbu
- Books taken to Magara: 100kms X 250 =25.000fbu
- Books taken to Gitega: 78000fbu
- The car service: 50.0000fbu
- 2 days of training in Gatumba: 36000fbu
- 1 day training in Bujumbura: 20.000fbu
- 3 days of training for trainers in Module 2 in Bubanza: 97.200fbu
- Rent: 100.000fbu

The cost for June is: 576.200fbu

The general cost is: 576.200fbu +200.000fbu =776.200fbu
The balance of my last report was 473USD + 200 USD received with the salaries of May and June = 673USD. 1USD= 2100frbu
The general cost in dollars is: 776.200fbu: 2100 = 370USD
The balance after the current report is: 673 USD – 370 USD = 303 USD

*Safari Ruben*
**Coordinator of Veritas College in Burundi**

# BURUNDI MISSION NPO – Opleiding Opsomming

## 1 August 2015 – 30 June 2016

| Summary | 01/08/2015 | to | 30/06/2016 | | | Update | Plan | 01/07/2016 | to | 30/06/2017 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Burundi | | | | | | | Country | Burundi | | | |

**Facilitator Training**

| | Training Continuing from Previous Year(s) | | | | Continue from Previous Year(s) | | Training Continuing from Previous Year(s) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | In Training at 01/08/2015 | | Completed before 30/06/2016 | | In Training at 01/08/2015 | Completed before 30/06/2016 | In Training at 01/07/2016 | | Completed before 30/06/2017 | |
| Module | Groups | Participants | Groups | Participants | Facilitators | Facilitators | Groups | Participants | Groups | Participants |
| 1 | 7 | 47 | 5 | 40 | 0 | 0 | 36 | 122 | | |
| 2 | 5 | 21 | 4 | 18 | 0 | 0 | 10 | 95 | | |
| 3 | 3 | 33 | 3 | 24 | 0 | 0 | | | | |
| 4 | 2 | 20 | 1 | 10 | 0 | 0 | 1 | 10 | | |
| Total | **17** | **121** | **13** | **92** | **0** | **0** | **47** | **227** | **0** | **0** |

| | New Training | | | | New Training | | New Training | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Started in year 01/08/2015 | | Completed before 30/06/2016 | | Started in year 01/08/2015 | Completed before 30/06/2016 | Started in year 01/07/2016 | | Completed before 30/06/2017 | |
| Module | Groups | Participants | Groups | Participants | Facilitators | Facilitators | Groups | Participants | Groups | Participants |
| 1 | 13 | 50 | 0 | 0 | 30 | 30 | 21 | 50 | | |
| 2 | 3 | 33 | 0 | 0 | 7 | 7 | 2 | 19 | | |
| 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 36 | | |
| 4 | 2 | 20 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 20 | | |
| Total | **18** | **103** | **0** | **0** | **37** | **37** | **29** | **125** | **0** | **0** |

| | Total Participant Training | | | | Total Participant Training | | Total Participant Training | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | All Training | | Completed | | All Training | Completed | All Training | | Completed | | |
| Module | Groups | Participants | Groups | Participants | Facilitators | Facilitators | Groups | Participants | Groups | Participants | Facilitators |
| 1 | **20** | **97** | **5** | **40** | **30** | **30** | **57** | **172** | | | **18** |
| 2 | **8** | **54** | **4** | **18** | **7** | **7** | **12** | **114** | | | **34** |
| 3 | **3** | **33** | **3** | **24** | **0** | **0** | **4** | **36** | | | **10** |
| 4 | **4** | **40** | **1** | **10** | **0** | **0** | **3** | **30** | | | **4** |
| Total | **35** | **224** | **13** | **92** | **37** | **37** | **76** | **352** | **0** | **0** | **66** |

Page 1

# Uitreikverslag: SunRise Trauma-ondersteuning-sentrum

Dit is met dankbare en opgewonde harte dat die Uitreikdiensgroep kan terugrapporteer aan Wapadrant-gemeente oor die positiewe impak van die gemeente se SunRise Trauma-ondersteuningsentrum by Garsfrontein Polisiestasie. Mense in die gemeente en uit die gemeenskap getuig met lof oor die wonderlike invloed en suksesse van die sentrum.

Dankie aan Collette Nienaber en die wonderlike groep vrywilligers van die sentrum vir die ywer waarmee hulle die onbaatsugtige werk doen en vir hul uitleef van Gen 12:2.

Hiermee ‘n kort uittreksel van Collette se verslag aan SunRise Road NPC:

*“Die hantering van dwelmverwante gevalle het skerp toegeneem oor die laaste 6 maande. Die hoeveelheid minderjariges betrokke het ook toegeneem. 'n Gebrek aan voldoende vaderlike ondersteuning en broodnodige leiding en korrekte ondersteuning, speel dikwels ‘n groot rol! Vennootskap is gevorm met 'n program van Ezekiel Huis Rehabilitasiesentrum genoem SNAP (Skool Narkotika bewusmakingsprogram), wat gemik is op ons jeug en dwelmmisbruik, maar ook met die fokus op sosiale uitdagings.*

*Kommerwekkend is die feit dat aanmelding van kindermolesterings en -verkragting ook aansienlik toegeneem het oor die laaste 3 maande.*

*Aangemelde gesinsgeweld het aansienlik gedaal. Die SAPD-stasiebevelvoerder is van mening dat dit die gevolg kan wees van doeltreffende bewusmakingsveldtogte en bemagtiging deur die Sentrum, verspreiding van pamflette en artikels, asook die volgehoue ondersteuning aan kliënte.*

*Ons projek, in samewerking met die SAPD by Atterbury Value Mart, was 'n reusesukses en ons kon daardeur meer mense in die plaaslike gemeenskap bewus maak van die sentrum en die dienste wat ons aanbied.*

*Verskeie kleuterskole in ons gemeenskap is besoek en bewustheid is geskep oor die privaatheid van jou liggaam, steel, afknouery, veiligheid van vuurwapens, die gevaar van vreemdes, ens. Ons verhouding met al die skole in ons omgewing is baie goed en ons werk saam om ons jeug meer bewus te maak van die gevare van dwelmmisbruik, sosiale media, afknouery (bullying), pornografie, ens.*

*Die groot uitdaging bly om ons ouers te bemagtig en ‘op te lei’ om ondersteunend te kan wees in ‘n era waarin ons kinders baie meer uitdagings moet hanteer en ook om die regte voorbeeld daar te stel.”*

Collette Nienaber
Bestuurder: Sunrise Trauma-ondersteuningsentrum
collette@sunriseroad.org.za (012 770 7700)

Neem asseblief kennis dat die Uitreikdiensgroep tans besig is om te reël dat bogenoemde opleiding deur die Trauma-ondersteuningsentrum ook by Wapadrant-gemeente gedoen kan word, vir diegene wat belangstel!! Kontak my gerus hieroor!

Ten einde hierdie sentrum suksesvol en volhoubaar te kan bedryf het SunRise Road NPC asseblief u finansiële ondersteuning dringend nodig. Kontak asseblief myself indien u finansieel kan help, of op enige ander manier betrokke wil raak. Baie dankie by voorbaat!

## *Vakature: Musiekleier vir Straatkafee-erediens*

Wapadrant-gemeente ontvang graag aansoeke van persone met toepaslike kwalifikasies/vaardighede wat daarin belang stel om ‘n Musiekleierspos by die Straatkafee-erediens te beklee. By die Straatkafee-erediens word primêr gebruik gemaak van musiek in ‘n kontemporêre styl, en die erediens is informeel van aard.

Aansoekers sal gekeur word op die volgende gronde: ‘n belydende Christen; liefde vir kerkmusiek; bewese ondervinding in die begeleiding van gemeentesang in ‘n kontemporêre styl (op klavier/*keyboard*); bewese vermoë om liedere te kies wat by die erediens as geheel inpas; vermoë om bladmusiek en volgstukke vir instrumentaliste en sangers voor te berei; bewese vermoë om leiding te gee by die vooraf inoefening van liedere deur instrumentaliste en voorsangers; ywer vir die taak en goeie kommunikasievaardighede. Daar sal ook van die suksesvolle aansoeker verwag word om ‘n sentrale rol te speel in die uitbreiding van die musiekbediening van die Straatkafee-erediens, en om die predikante met raad en leiding hieroor te bedien.

Ander pligte, vergoeding en kontraktuele voorwaardes sal tydens die onderhoude onderhandel word.

Nadere besonderhede is beskikbaar by die Voorsitter van die Erediens Diensgroep,Johan Vorster (083 766 8888) of die Registrateur, Gawie Jooste (012 991 8877).

Belangstellendes moet hul aansoeke, vergesel van ‘n CV en verwysings, asseblief skriftelik indien vir die aandag van Die Registrateur (Gawie Jooste), per epos by gawie@gkwapadrant.co.za, of by Posbus 1181, Garsfontein, 0042, of per faksnommer 086 524 0495**.** Die sluitingsdatum is 18 November 2016.

@@@@@

## ENGELSE GEREFOR-MEERDE GEMEENTE (Rainbow Christian Fellowship) wat ons terrein deel hier by Wapadrant

Elke Sondag word daar met groot passie erediens gehou in die GROOT TENT hier op ons terrein. Die passievolle en geesvervulde predikant is ds. Malwande Mdonga wat sy proponentskap hier by ons gemeente in Wapadrant gedoen het. Hy is beroep deur New Life City Church (die ou GK Sunnyside-gemeente) met die doel van kerkplanting in Pretoria-Oos. Hy is deur God geroep en dit is sy passie om uit te reik na die armstes van die armes hier in ons omgewing en om die Woord van God aan hierdie mense te bring en hulle dan ook dissipels van Jesus Christus te maak.

Eredienste word in Engels aangebied en musiek, lofprysing en aanbidding speel tesame met woordbediening ‘n baie belangrike rol in hierdie gemeente. Dissipelskapklasse word gedurende die week deur Malwande aangebied en Evangelisasiegeleenthede word op ‘n baie gereelde basis geskep.

Die gemeente is nog klein en regtig baie arm en dit beteken dat ds. Mdonga meeste van sy tyd en energie aan ander “tentmaker-bedrywighede” moet bestee ten einde die pot aan die kook te probeer hou. Dit is nie ideaal nie en beteken dat ds. Mdonga nie regtig sy roeping kan uitleef nie.

WPR ondersteun hierdie gemeente deur ‘n maandelikse bydrae van R3 000 en die verhuring (gratis) van die tent en ander fasilitiete op die WPR-terrein. ‘n Paar van ons Wapadrant-lidmate het in 2015 ‘n “steungroep” vir Malwande en die RCF-gemeente gestig omdat ons glo dat God ds. Mdonga en hierdie gemeente wil gebruik om op ‘n baie unieke manier hier in die ooste van Pretoria ‘n verskil te maak in baie mense se lewens. Ons vind dat, deur van onsself, ons kennis, ons ondervinding en ons finansiële middele te deel, ons eie lewens geweldig verryk word.

Ons is egter net ‘n paar stemme in die woestyn

en ons het asseblief ook JOU hulp, durf, raad, en daad nodig om te help verseker dat ons ds. Mdonga in staat kan stel om God se roeping vir hom, hier in ons omgewing uit te leef.

Kontak asseblief vir myself, Hans Lensink, by 083 629 8527 of epos jglensink@gmail.com indien u graag op enige manier betrokke wil raak. Donasies is ook baie welkom en kan oorbetaal word in RCF-gemeente se bank-rekening. Besonderhede is soos volg:

Bank First National Bank
Takkode 258155
Rekeningno: 625 2505 7916
Tjekrekening: Rekeningnaam:
Rainbow Christian Fellowship

Plot 3 Posbus 1181
Sunrise Road Garsfontein
Olympus 0042
0081

Op hierdie stadium kan ons nie alle gate toestop nie (RCF begroot vir 'n maandelikse tekort van ongeveer R16 000 vir 2017) en glo en bid en vertrou ons dat die Here u ook sal lei om by Rainbow Christian Fellowship betrokke te raak. Kom ontmoet gerus vir Malwande Sondag-oggende by die tent en kyk hoe Jesus ook deur hom werk. Inligting is ook beskikbaar by dr. Jaco Kruger, Abri de Vries, Anthea White en Florence Hattingh.
U broer in Christus ons Here.
*Hans Lensink*
**Voorsitter: RCF Mission Support Group**

##########

# PROJEK - ZIMBABWE PENSIONER SUPPORT FUND (ZPSF)

Kleingroep G002 wil graag 'n dienswerkprojek loods deur fondse in te samel vir die ZPSF wat verarmde pensionarisse versorg. Hierdie saak is in ooreenstemming met beide die RAK- en HART-beginsels van ons gemeente se fokusjaar.

Die ZPSF is 'n maatskappy sonder winsbejag wat ongeveer 1 500 verarmde pensionarisse in 28 aftreeoorde in Zimbabwe ondersteun. Die pensionarisse se lot is tragies. Weens Zimbabwe se hiperinflasie van die 1990's, kan jare se swaarverdiende pensioene en polisse vandag nie eers 'n brood koop nie. Robert Mugabe se regering voel vir hulle niks en die meeste se familie is dood of vervreem. Hierdie bejaardes kry baie swaar, baie ly aan wanvoeding en van hulle is al letterlik dood van die honger en beperkte mediese sorg. Die mense is aan die genade van ander se gawes oorgelaat.

Die ZPSF onder leiding van Hannes Botha lewer elke 8 weke basiese voedsel en medikasie aan die pensionarisse. Volgens Hannes is dit hartroerend om te sien hoe die mense vir sy lorrie wag. Hulle staan daar soos opgewonde kinders. Daarna loop die trane as elkeen sy pakkie met sy naam daarop ontvang. Dinge soos 'n bietjie toiletpaier, kookolie, rys, meel, vars groente, koffie, kerse en tandepasta beteken vir hulle alles. Een ou oom wat batterye vir sy flits gekry het, het soos 'n kleuter daaraan vasgeklou. Dit is werklik hartseer.

Wat kan ons doen? ZPSF het fondse nodig om hierdie liefdeswerk te doen. Elke aflewering kos ongeveer R250 000. Donasies kan direk in ons gemeente se rekening gedoen word waarna dit in Desember aan ZPSF oorbetaal sal word.

Bank: ABSA
Rekening: Gereformeerde Kerk Wapadrant
Rekeningn: 349 0151 957
Takkode: 632 005
Verwysing: ZPSF en naam

Aangesien ZPSF as ‘n NPO geregistreer is, sal skenkers die donasie as ‘n uitgawe vir belastingdoeleindes kan terugeis. E-pos asseblief die volgende besonderhede aan pvdm@absamail.co.za sodat ‘n amptelike Art. 18-kwitansie aan u uitgereik kan word: Voorletters en van, adres, selfoonnommer en bedrag

*At the end of life we will not be judged by how many diplomas we have received, how much money we have made, how many great things we have done.*

*We will be judged by “I was hungry and you gave me to eat, I was naked and you clothed me, I was homeless and you took me in”.*

*Hungry not only for bread – but hungry for love. Naked not only for clothing – but naked for human dignity and respect. Homeless not only for want of a room of bricks – but homeless because of rejection.*
*Mother Teresa*

U is welkom om my te kontak indien u enige navrae het of verdere inligting oor die ZPSF wil bekom.
Pierre van der Merwe (082 498 9997)

**Gaan kyk na die video op Wapadrant se “facebook” blad.**

**<<<<<<<<**

## TOT HIERTOE HET DIE HERE ONS GEHELP (1 SAM 7:12)

N.P.O. Reg. No: 062-069-NPO
*Art.21 Mpy. / Sec.21 Co. Reg.nr 2007/028200/08*

***Van der Heeverstr 966***
***Daspoort***
***Pretoria***
***Tel: (012) 379-8504***
***Sel: 082 928 5746***
***E-Pos:audrey@ebenhaeser.zo.org***

**OORWIN MET LIEFDE**

### FONDSE VIR SEEVAKANSIE BY HARTENBOS 2016

Kleingroep G022 is betrokke by Huis Ebenhaeser. Die huis ontvang ook kruideniersware vanuit die Diakonie se Pakhuis. Kleingroepe wat by die huis betrokke wil raak kan Wapadrant-kerkkantoor kontak.. Die huisouers wil graag 25 kindertjies, waarvan heelwat nog nooit by die see was nie, Desember see toe neem. Hulle is baie dankbaar dat ’n donateur die blyplek elke jaar betaal.

Enige donasie kan in HUIS EBENHAESER se bankrekening inbetaal word:
Absa, Spaarrekening nommer 9114120038, Verwysing: Hartenbos.

Vir meer inligting omtrent die seevakansie kan die huisouers Johnny en Soekie Thomas gekontak word.

## NEEM-en-DEEL-Bybelprojek

"Halfjaar mini-verslag"

Meer as 5800 Bybels is die afgelope ~5 jaar jaar versprei deur middel van die NEEM-en-DEEL-projek – met baie groot dank en lofprysing aan ons Here ons God. Die afgelope 5 maande het pragtige donasies vir die projek ingekom, sodanig dat ongeveer 400 Bybels in dié tyd deur ons gemeentelede en besoekers versprei kon word. 'n Verdere 200+ Bybels is ook onlangs aangekoop en is reg vir verspreiding. Baie dankie almal. Julle volgehoue finansiële ondersteuning en veral gebede vir die projek word baie waardeer.

Gemeentelede of besoekers kan die Bybels kry (NEEM) by die Bybelrak in die kerksaal vir verspreiding (DEEL). Die visie is om ten alle tye Bybels in alle tale van Suid-Afrika en waar moontlik ook van ons buurlande, beskikbaar te hê vir verspreiding (DEEL). Die inligting oor hoe die projek werk kan by die Bybelrak gevind word. Enige navrae kan ook direk aan Hans Lensink (083 629 8527, jglensink@gmail.com) gerig word, of die kerkkantoor kan geskakel word vir inligting. Die aanvraag na God se Woord is werklik onuitputlik en hierdie projek is 'n baie mooi en heerlike geleentheid vir almal om in die wingerd van God werksaam te wees. Almal word uitgenooi om deel hiervan te wees.

Die Bybels wat tot dusver deur Wapadrant-gemeentelede en besoekers via die Neem-en-Deel-projek versprei is, is saamgevat in die onderstaande tabel en grafiek.

| **Bybels uitgedeel per taal** | |
|---|---|
| Afrikaans | 198 |
| Engels | 1268 |
| Zulu | 638 |
| Xhoza | 251 |
| Suid-Sotho | 443 |
| Noord-Sotho | 663 |
| Tswana | 691 |
| Venda | 107 |
| Tsonga | 188 |
| Ndebele | 121 |
| Swati | 39 |
| Portugees | 112 |
| Frans | 66 |
| Shona | 945 |
| Chichewa | 45 |
| Herero | 33 |
| Chinees | 2 |
| Duits | 8 |
| **TOTAAL** | **5818** |




Ondersteuning en deelname aan die Neem-en-Deel-projek word gevra in hoofsaaklik die volgende drie areas:

1) **Gebede.** Bid asseblief dat die Heilige Gees in elkeen wat 'n Bybel ontvang se harte sal werk, en waar gelowiges dit ontvang, dat hulle sal groei in geloof en waar ongelowiges dit ontvang, dat hulle tot bekering sal kom.

2) **Deelname**. Almal (jonk tot oud) in ons gemeente, gaste en besoekers, word aangemoedig om hart, oë en ore oop te hou vir waar daar ‘n behoefte vir Bybels is, en dan word almal aangemoedig om daadwerklik Bybels te NEEM en daar te DEEL.

3) **Donasies**. Sonder jul donasies kan die Bybels nie beskikbaar gestel word vir verspreiding in gevalle waar geld ‘n beperkende faktor is nie. Donasies aan die NEEM-en-DEEL-projek kan gemaak word deur een van die volgende metodes te gebruik.

i) Betaal die geld in Wapadrant se bankrekening: ABSA bank, takkode 632005, rekening no. 3490151957 en met verwysing “**NEEM-en-DEEL**” (Die verwysing is baie belangrik sodat die geld na die regte “trust” gekanaliseer kan word); of

ii) plaas kontant in ‘n koevert wat duidelik gemerk is “NEEM-en-DEEL” wat dan in

- ‘n kollektesakkie,
- die bydraeboksie in die kerk se voorportaal, of in die
- die Neem-en-Deel-donasieboks by die NEEM-en-DEEL-rak in die kerksaal

geplaas kan word.

U almal word hartlik uitgenooi om aan hierdie projek deel te neem en dit te ondersteun.
Hans Lensink

#########

## Hekel- en breiblokkies!!

Baie dankie aan almal wat so fluks hekel en brei! Daar is reeds 2 061 blokkies ontvang. Ons mikpunt is 2500 blokke teen April 2017. Hou asseblief aan met brei en hekel aan die 20 X 20 cm blokke in enige kleur met *double knit*-wol. Kontantdonasies is baie welkom. Plaas asseblief blokke en wol in die kartonhouer wat in die saal is naby die Neem-en-Deel-rak. Kontak Hetta by 082 594 5885 vir navrae.

**Meer besonderhede en inskryfvorm op die web by besikbaar. Die skakel is http://www/wapadrant.co.za/aktiwiteite.html**

# FINANSIËLE SAKE VAN GEMEENTE
# TOT EN MET EINDE SEPTEMBER 2016




Na die eerste 9 maande: Bydraes ontvang van R7,011m is 4,8% laer as 2015 se bydraes, 0,4% laer as 2014 se bydraes en 0,9% laer as 2013 se bydraes.

Uitgawes vir die nege maande is egter R601k laer as begroot. (Hoofsaaklik agv strenger dissipline op spandering en is hoofsaaklik as gevolg van tydsverskille in werklike spandering teenoor begroot. Die wesenlikste besparings kom hoofsaaklik voor by hulpverlening binne die gemeente, donasies en skenkings en administratiewe uitgawes.)

Dit laat ons met 'n surplus van R271k teenoor 'n begrote surplus van R446k.

| Dankoffer-inligting | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maand 2016 | Aantal potensiële *bydraepunte | Aantal punte wat geen beloofde bydrae gemaak het nie | Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie | Aantal punte wat agterstallig is | Getroue bydraers |
| **Julie** | 1 146<br>**(1 780) | 389<br>33,94% | 116<br>10,12% | 123<br>10,74% | 518<br>45,20% |
| **Aug** | 1 150<br>**(1 783) | 392<br>34,09% | 111<br>9,65% | 122<br>10,61% | 525<br>45,65 |
| **Sept** | 1 149<br>** (1 793) | 389<br>33,86% | 108<br>9,40% | 135<br>11,75% | 517<br>45% |

*Bydraepunt = Getroude man en vrou = 1 bydraepunt
Belydende lidmaat in dieselfde gesin = bydraepunt
Enkellopende belydende lidmaat = bydraepunt

** **Ramings betaalbaar aan Administratiewe Buro te Potchefstroom**
**(Gaan kyk na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir volledig inligting oor Ramings)**
Hou asseblief in gedagte dat die gemeente, bo en behalwe die daaglikse bedryfkostes, ook verantwoordelik is vir die betaling van **verpligte ramings** aan ons breër kerkverband wat tans ongeveer **R70 per belydende lidmaat (ongeag die ouderdom)** per maand beloop en wat **maandeliks** oorbetaal moet word. Dus kan u aflei dat as elke belydende lidmaat 'n minumum van R70 per maand betaal die kerkraad nie u daarvoor te "subsidieer" nie.

## GEE JOU TIENDE, 'N OPDRAG VAN GOD AF:

Ware Christene deins nie terug van die lang gevestigde beginsel dat ons tiendes vir die Here moet afsonder nie. (In hierdie en opvolgende Maand-krante sal ons hierdie beginsel ook herbevestig uit die Bybel deur aanhalings vir julle te publiseer)

**MALEAGI 3: 6–12:**

Ek, die Here, het nie verander nie, daarom het julle nie te gronde gegaan nie, nageslag van Jakob. Van julle voorvaders se tyd af het julle van my voorskrifte afgewyk en nie daarvolgens geleef nie. Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige. Maar julle vra: "Waarom moet ons ons bekeer?" Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: "Waarvan beroof ons U?" Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit. Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die Almagtige. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, sê die Here die Almagtige.

## MANIERE VAN AFDRA VAN DANKOFFER

- **Direkte inbetaling** op kerk se bankrekening / per internetbank of / per aftrekorder by jou eie bank. Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)

- Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in `n koevert in die bydraekassie in die voorportaal of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.

- **Debietorder:** Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm http://www.wapadrant.co.za/finansieumlle-sake.html

- SnapScan

  **Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal**
  Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling
  Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies.

Snap here to pay
SnapScan

$$$$$$$$

**Skenkings van klere aan die Pakhuis**

Baie dankie vir die klere wat aan die Pakhuis geskenk word, dit word baie waardeer. Ons versoek dat die klere skoon en heel is. Ons het nie iemand om dit te was of te herstel nie en hierdie klere gaan dus verlore vir die Pakhuis.

# *Chrisante*

**SAMEROEPER:** Véra Tollig 012 997 2678 / 082 6446 741 / tollig@woodlandsnet.co.za

**PRETORIA-OOS HOSPITAAL: TEL: 012 422 2300**
**31 OKTOBER – 6 NOVEMBER 2016**
Rosalie van Rensburg (Di): 012 991 7857 / 082 330 2422; Izabel Pretorius: (Wo) 991 2727; Daleen v Wyk (Do): 991-3312 / 082 926 3498

**7–13 NOVEMBER 2016**
Oloff Obrien: (Ma) 072 673 6295; Deleen Kornelius: (Di) 082 215 8118; Yvonne du Preez: (Wo) 082 332 0802/012 482 2548; Bernard Tollig (Do): 082 900 1816 / 012 997 2678;

**14-20 NOVEMBER 2016**
Rosalie van Rensburg (Di): 012 991 7857 / 082 330 2422; Izabel Pretorius: (Wo) 991 2727; Daleen v Wyk (Do): 991-3312 / 082 926 3498

**21-27 NOVEMBER 2016**
